



# Lekkerbekkie Nuusbrief

16 JULIE 2013 | UITGAWE 19

**Inhoud:**

- \* Gratis kinder storie: Die skoelapper en die kartonboks
- \* Gratis inkleurprentjie
- \* Bestel ons Lekkerbekkie Storieboek @ R60!

Teken in en ontvang elke week 'n gratis *Lekkerbekkie Nuusbrief*: [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

## Die skoelapper en die kartonboks deur Anna Emm

Iemand het 'n leë kartonboks oor die muur gegooi, die wind het dit geskep, en dit het deur die veld gewaai tot naby 'n stroompie. Daar het dit bly lê. Die kartonboks het stowwerig en vol sand geraak. Hy was seker dat hy die lelikste ding op die hele waarde was.

"Wat gaan nou van my word?" het die kartonboks skaam gesug.

Net toe kom daar 'n pragtige skoelapper aangevlieg. Die kartonboks dink dat hy nog nooit in sy hele lewe iets mooiers gesien het nie! Die skoelapper land op die rantjie van die boks en sê: "Sjoe, maar is jy nie net die perfekte huisie vir my nie?"

Die kartonboks sug. "Hoekom op aarde sal jy in my wil woon?" vra hy. "Kyk net hoe mooi is jy en kyk net hoe lelik is ek."

"Nonsens!" sê die skoelapper en wikkel haar vlerke in die son. "Jy is sterk en lekker droog. As ek binne in jou woon sal die wind en die reën my nie bykom nie."

En voor die kartonboks nog iets kan sê, glip die skoelapper by die deksel in. Hy maak sy ogies styf toe, só skaam kry hy dat so 'n pragtige gas moet sien hoe vuil en stowwerig hy van binne is.

"Ek dink jy moet my liever alleen los dat die mense my kan optel en in die vullis gooi," keer die kartonboks. "Dis tog al waarvoor 'n boks soos ek goed is. Ek hoort nie hier in die veld tussen al die mooi diertjies en plantjies nie."

"Ag nonsens!" roep die skoelapper van binne die boks. "Jy is perfek vir my – perfek!"

En voor die kartonboks nog iets kan sê, gaan roep sy dadelik al haar skoelapper-vriende. Die skoelappers werk almal saam en tel die boks op. Hulle vlieg met hom tot by 'n veilige plek tussen die bome, en daar wikkel hulle hom lekker tussen die takke in. En kan jy dit glo? Die skoelappers gaan haal klein verkwassies, en hulle verf die hele bruin boks met die mooiste kleure en patrone tot dit net so mooi soos hulle skoelapper-vlerke lyk!


Van daardie dag af was die kartonboks die mooiste huis in die hele veld. Heel dag lank het die skoelappers in en uit gefladder, en die ander diertjies het hulle kom verkyk aan hierdie wonderlike huis. En dan het hulle gewonder wie so gaaf was om só 'n pragtige boks oor die muur te gooi.

**Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)**

Gratis inkleurprentjie:

# Die skoenlapper en die kartonboks

illustrasie deur Elanie Bieldt



Vir meer van Anna Emm se kinderstories besoek [www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)

**Nuus uit die kantoor:**

# Al die Lekkerbekkie-stories nou in 'n boek beskikbaar!

Kry hierdie heerlike A4 boek met 15 stories en inkleurprente @ slegs R60



**Hoe om te bestel:**  
Betaal die regte bedrag + R25 posgeld na ons rekening:  
Anna Emm Productions,  
ABSA  
916 338 0225,  
Takkode 632005 – met jou naam as verwysing.  
Stuur dan jou posadres en bestelling na

[lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

Ons stuur vir jou die "tracking nr" vir jou pakkie sodra dit gepos is.

**Anna Emm Productions**

021 911 5618 | [lekkerbekkie@annaemm.co.za](mailto:lekkerbekkie@annaemm.co.za)

[www.AnnaEmm.co.za](http://www.AnnaEmm.co.za)